HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 19 van 2026

3 Februarie 2026

Geagte Graad 10-ouer/-voog,

Baie welkom aan elke graad 10-leerder (en ouer/voog) by Inligtingstegnologie. Ek hoop dat hierdie drie-jaar-pad saam met my vir die kinders werklik lekker en verrykend sal wees.

Ek wil graag 'n paar belangrike sake onder u aandag bring.

IT bestaan uit drie komponente: Teorie, Prakties en PAT (Praktiese Assesseringstaak). Leerders lê kwartaalliks teorie- en praktiese toetse of eksamens af. Teorietoetse word skriftelik in hul registerklasse geskryf. Praktiese toetse word op 'n rekenaar in die rekenaarsentrum afgelê.
Die doel van die PAT is om vir leerders insig oor die sagteware-ontwikkelingsiklus te gee en ook om hul programmeringsvaardighede te verbeter. Graad 10's begin gewoonlik aan die begin van die derde kwartaal om aan hul PAT te werk. Dit is 'n projek wat baie ure se werk verg, maar as leerders vroegtydig begin en deurlopend werk, is dit 'n hoogtepunt. Die PAT dra 20% tot hul finale IT-punt by.

Ons bestee die grootste deel van ons klastyd aan praktiese werk. Leerders hoef nie hul eie rekenaar te hê nie, maar hulle moet verkieslik by die huis toegang tot 'n rekenaar hê om tyd aan praktiese opdragte te kan bestee en veral om voor toetse of eksamens te oefen en om aan hul PAT te kan werk. Die rekenaarsentrum is ook sekere middae beskikbaar vir leerders wat nie tuis kan werk nie, hulle moet net asseblief vooraf met my 'n reëling tref.

Die departementeel voorgeskrewe programmeertaal vir IT-prakties is *Delphi*. Alhoewel dit nie meer so bekend is in die industrie nie, bly dit 'n goeie beginnersleertaal om later enige ander taal maklik aan te leer. Ons werk tans met *Delphi 12*. Daar sal is 'n aflaaiskakel asook installasie-instruksies vir die leerders in hul *Google Classroom* geplaas word sodat elkeen die sagteware by die huis kan installeer.

Let asseblief daarop dat die *Delphi*-lisensie wat ek aan die leerders vir tuisgebruik uitgee, 'n gratis *educational license* is en nie vir kommersiële gebruik aangewend mag word nie. Die lisensie is vir een jaar geldig waarna dit hernu word. Die lisensie is ook slegs vir een toestel per leerder. Indien 'n rekenaar onklaar raak of vervang word, vra ek dat u, óf u kind, my asseblief in kennis stel sodat ek 'n nuwe lisensie kan uitreik.

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Indien meer as een installasie benodig word, gebruik asseblief die lisensie-weergawe van Delphi op die toestel wat die meeste deur die leerder gebruik gaan word. *Delphi Community Edition* is 'n gratis weergawe van Delphi wat op die ander toestel/le geïnstalleer kan word.

Die aanbevole stelselvereistes vir 'n rekenaar om *Delphi 12* te kan hanteer, is as volg:

- *Windows 10 or 11*
- *1.8 GHz or faster dual-core / quad-core processor.*
- *8 GB RAM.*
- *Between 6 GB and 60 GB of available disk space.*
- *DirectX 11 capable video card supporting 1440x900 resolution or bigger.*

Verder gebruik ons *Microsoft Office (Word* en *Access)* en 'n paar ander (gratis) aanlyn sagtewareprogramme soos *UML*-tekensagteware. Dit is nie nodig vir u om 'n *Microsoft Office* pakket, wat *MS Access* insluit, aan te skaf nie aangesien ons al die MS Access werk in die klas voltooi.

Intenettoegang is nie nodig om aan *Delphi*-opdragte te werk nie. Dit is slegs nodig tydens die aflaai- en installasieproses en om die lisensie te verifiëer.

Indien daar enige vrae is, kontak my gerus by karin.kasselman@hsrandburg.co.za.

Vriendelike Randjiegroete

K Kasselman
IT-onderwyser

P Booysen
Skoolhoof